Hoofstuk 10

Lodewyk Pretorius (b5)

(c. 1688 – 1718)

Oriëntasie

Lodewyk Pretorius is in die vroeë ouderdom van 30 jaar oorlede. Hy is gebore omstreeks 1688 en is oorlede in 1718. Hy was ’n boer.

Maria Rossouw is omstreeks 1693 gebore en was 19 jaar oud toe sy getroud is met die 23-jarige Lodewyk. Sy word ’n weduwee toe sy nagenoeg 25 jaar oud is en sterf in 1766 in die ouderdom van 73 jaar. Lodewyk en Maria het drie kinders gehad.

Maria was weer getroud met Charles Marais.

In die geslagsregister van die Pretoriusfamilie, maak die skrywers die volgende opmerking: “…Lodewyk se nageslag (toon) die kenmerkende eienskappe van hul Hugenote-heritage: ‘n ietwat-hardnekkige neiging na konserwatisme wat lewenshouding sowel as godsdiens betref, daarom ook dat die grootste gedeelte van hierdie nageslag later lidmate van die Gereformeerde Kerk geword het. In teenstelling met die nageslag van sy ouer broer wat die avontuurlustiges op die voorgrond gelewer het, bevat Lodewyk se nageslag die stewige basis op die agtergrond…”.[1] Dit word aanvaar dat diegene wat die geslagsregister opgestel het en ’n oorsigtelike beeld verkry het bepaalde indrukke kon vorm, maar die akkuraatheid van hierdie indruk is nie gesubstansieer nie.

Genealogiese gegewens

b5 **PRETORIUS, Lodewyk**: *c. 1688[2]; ≈Kaapstad 5.9.1688[3]; †Stellenbosch Dist. c. 1718[4].

x Stellenbosch 13.12.1711[5]: **ROSSOUW, Maria**: *c.1693[6]; ≈c.1693; †c.1766[7] en[8] en[9]. Dogter van Pierre Rousseau en Anne Retief.
[Sy -
xx c. 1720[10]: **MARAIS, Charl**: *c. 1695[11]; †Drakenstein 30.12.1767[12]. Seun van Charl Marais en Anne des Ruelles[13].]

Jeug

Dit kom voor asof Lodewyk in 1688 in Tafelvallei gebore is. Hy was ongeveer 6 jaar oud toe sy vader oorlede is. Dit word vermoed dat hy by sy moeder aangebly het in Tafelvallei.

Inskrywing in die Kaapse Doopregister van Lodewyk Pretorius se doop op 5 September 1688



Op 28 Oktober 1696, toe Lodewyk ongeveer 8 jaar oud was, trou sy moeder met Johannes Starrenburg wat Landdros van Stellenbosch word in 1705. Na die stryd tussen bepaalde burgers en Goewerneur W A van der Stel word sy lakei, Starrenburg, in 1707 ontslaan en keer hy terug na Nederland sonder sy vrou en die kinders.

Dit is nie duidelik waar die gesin gewoon het na die huwelik met Starrenburg nie. Dit kom voor asof hulle in Tafelvallei gewoon het en moontlik vanaf 1705 tot 1707 in Stellenbosch. Starrenburg het ook 'n plaas Onrus gehad in die omgewing van die huidige Bellville.

In hoe 'n mate die woelinge in die gesin met die verleenthede ten opsigte van sy moeder en die latere stryd van Starrenburg vir Lodewyk geraak het, is nie duidelik nie, maar dit kon nie vir onbesorgde kinder- en jeugjare gesorg het nie.

Lodewyk tree op 13 Desember 1711 op Stellenbosch in die huwelik met Maria Rossouw. Maria was die tweede kind van Pierre Rousseau en Anne Retief. Pierre Rousseau is gebore in Mer aan die Loire in Frankryk omstreeks 1666 en hy kom in die Kaap aan as deel van die migrasie van die Hugenote in 1688[14]. Hy is c.1719 oorlede. Hy trou omstreeks 1699 aan die Kaap met Anne Retief. Sy is omstreeks 1667 gebore in Mer in Orleans, was deel van die Hugenote migrasie en is oorlede c. 1710[15]. Rousseau trou daarna met Geertruy du Toit. Pierre Rousseau was een van die eerste kerkraadslede te Drakenstein[16] en 'n heemraad van Drakenstein[17]. Hy was die eienaar van die plase l'Arc d'Orleans, Wyk Klein Drakenstein, Wemmershoek en Vleesbank aan die Bergrivier, beide in Drakenstein.

Inskrywing van die huwelik in die Huweliksregister van Stellenbosch[18]



Woonplekke

Dit is nie bekend waar Lodewyk-hulle aanvanklik gewoon het nie, maar dit kom voor asof hulle vanaf 1711 op Rust-en-Werk in Daljosafat gewoon het.

Van die plase in die omgewing van Rust-en-Werk in die Wyk Daljosafat het in Lodewyk se tyd behoort aan Abraham Bleuset (Schoongezicht en Roggeland), Pierre Vivier (Non Pareille), Jacques Vivier (Goede Rust), Claude Marais (Kykuit), Francois du Toit (Kleinbos), Jan Manje (Calais), Daniel des Ruelles (De Hoop) en Armand Veron (St. Omer).

Eiendom

Waar is die plaas Rustenburg in die Land van Waveren?	
	Lodewyk het een of ander tyd die plaas **Rustenburg** in die Land van Waveren bekom. Volgens Böeseken en Cairns kon die ligging van Rustenburg nie bepaal word nie[19]. Die plaas is deur Goewerneur Simon van der Stel toegeken aan Louw Pretorius. Dit word beskryf as 'n voormalige Kompanjiespos. Dit is moontlik dat dit die grond is wat bekend was as De Oude Compagnies Pos (Plaas 99), wat tussen Twee Jongegezellen en Aan die Kleine Bergrivier geleë was, maar daar is nie bevestiging daarvoor nie. Plaas 99 is op die Landmeter-Generaal se kaarte met die naam "Aan die Kleine Bergrivier". Tussen die twee bogenoemde plase verskyn tans Diggers Home No. 100.

Lodewyk het die plaas **Rust-en-Werk**, in die Wyk Daljosafat van Drakenstein bekom op 8 Februarie 1715[20]. In Lodewyk se boedel word na die plaas verwys as "Een plaats gelegen aande Falij Josafa…"[21] wat dan seker die Vallei Josafat oftewel Daljosafat is. Die plaas was 60 morg groot en geleë aan die Bergrivier, maar kon nie opgespoor word op die bestaande kaart van die Landmeter-Generaal nie. Volgens Guelke se kaart [22] en volgens die kaart in *Bewaarders van ons Erfenis*, soos hieronder verstrek, is die waarskynlike ligging van die plaas soos op die skets hieronder aangetoon.

Na Lodewyk se sterwe in 1718 en Maria se huwelik met Charl Marais, gaan die eienaarskap oor na Marais en dit bly tot 1767 sy eiendom. In *Ons Drakensteinse Erfgrond: Daljosafat*[23], word daar verkeerdelik aangedui dat Marais in 1742 oorlede is en dat die plaas toe in Maria se besit was tot 1766. Maria is egter c. 1766 en voor haar man oorlede en die plaas word nog genoem in haar inventaris wat op 12 Januarie 1767 opgestel is. In die inventaris wat na Marais se dood op 30 Desember 1767 opgestel is, verskyn die plaas nie. Dit kan dus aanvaar word dat die plaas tot vroeg in 1767 in Marais se besit was en daarna oorgaan na Adolph Jonker.

Waarskynlike ligging van Rust-en-Werk	Ligging van Rust-en-Werk in 1850
	

Daar is ook rekord van die toekenning van grond op 4 Februarie 1713 aan die Olifants…. (bladsy geskeur) … oor die Breërivier in ’n dokument wat beskadig is en met ’n skrif wat ’n besondere leesvaardigheid vereis[24].

Gedeelte van dokument oor toekenning van grond op 4 Februarie 1713



Lodewyk is ingesluit in die opgaafrolle vir 1712[25] in die Distrik Stellenbosch en daar word die volgende aangedui:

- ’n Man, ’n vrou en twee slawe.
- Vee: 3 perde; 50 beeste; 400 skape; en 2 varke.
- Gewasse: 40 mud koring gewen en 3000 wingerdstokke.
- Wapens. 3 geweers (snaphane); 1 pistool; en 1 swaard (degen).

In die inventaris wat in 1718 na Lodewyk se dood opgestel is, het die volgende voorgekom[26]:

- Plase: Rust-en-Werk en Rustenburg.
- Vee: 100 beeste en 250 skape.
- Slawe: 7. Plus “… een klijne meijt die altyd wegt loopt …”. (“meijt” = meisie in Nederlands)
- Vervoer: Perdewa en ossewa.
- Wyn: 8 vaatjies en 4 leggers vuil wyn.
- Algemeen: Huisraad, bougereedskap en plaasgereedskap.

In 1719 word die weduwee Lodewyk Pretorius opgeneem in die opgaafrolle. Daar word aangedui dat daar ’n vrou en twee kinders is, 101 beeste, 300 skape, en 8000 wynstokke is en 30 mud koring gewen is[27].

Gemeenskap

Maria se naam kom voor in die Lidmateregister van Drakenstein[28]. Daar kon nie ’n aantekening oor Lodewyk gevind word nie.

In 1712 is Lodewyk, wat toe slegs 24 jaar oud was, aangestel as opsiener van ‘n span vir die instandhouding van paaie, weë en driwwe in die Land van Waveren[29].



Die span se area was: “Door de Kloof van t’ Roode Sand en in t’ Land van Waveren, mitsgrs (mitsgaders) de paaden aan wederseits de berg tot aan het Kleine berg Rivier”.
Dit was ’n baie groot span met die volgende lede onder Lodewyk (Loudovicus) Pretorius. Jan Imber, Jacob Mouton, Johan Pretorius, Aart Olivier, Jan Oosthuijsen, Jost van Bevernagie, Jan Olivier, Joh. Visser, Pieter Willemsz van Heerden, Anthonie van Bevernagie, Stefen Bottma, Cornelis Jansz de Deen, Marten de Geus, Jacob Mostert, Roelof Jansz van Hoetingen, Dirk Coetse Janszoon, Jan Roelof van Hoetingen, Pieter Janszoon Swanepoel, De Wedw. van Olivier, Pieter Jansz van Marseveen, Pieter Joubert, Schalk Willemsz, Phillip du Pres, Francois du Pres, Theijnis Bota, Louis le Rische, Hercules du Pres, Jan Hermensz Potgieter, Hans Jurgen Potgieter, Louis Fourie en Claas Jansz van Rensburg.

Die gesin

Lodewyk trou, soos reeds gemeld, met Maria Rossouw en hulle het drie kinders gehad:

- Johanna, getroud met Pierre Theron.
- Maria, getroud met Jean Theron.
- Johannes Lodewicus, getroud met Anna Sophia Botha.

Laaste lewensjare

Lodewyk is binne die eerste vier maande van 1718 oorlede. Ten tye van sy dood was die kinders ongeveer vyf, vier en minder as een jaar oud. Lodewyk en Maria het nege Pretorius- en 19 Theron-kleinkinders gehad. Maria Rossouw trou weer toe sy c. 27 jaar oud is met die 25-jarige Charl Marais. 'n Rekord van die huwelik kon nie opgespoor word nie, maar daar is wel 'n aanduiding dat dit omstreeks 1720 was. Charl was 'n derde geslag Marais. Sy oupa het in 1687 in die Kaap aangekom as deel van die Hugenote migrasie. Sy vader, Charl, is ook in Frankryk gebore.

Maria en Charl het twaalf kinders gehad. Deur Maria het Charl in besit gekom van Lodewyk Pretorius se plase. Na 'n huwelik van nagenoeg 46 jaar, is Maria oorlede omstreeks 1766 toe sy 73 jaar oud was. In die daaropvolgende jaar is Charl oorlede toe hy ongeveer 72 jaar oud was.

---

[1] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie Eeue: 1600 – 1900*. Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Bl. 563.
[2] Afgelei van die doopdatum.
[3] TAB FK 2146.
[4] KAB MOOC 8/3. Verw. 94. Die inventaris van Lodewyk se boedel is ingedien op 14 April 1718.
[5] TAB FK 2181.
[6] SAG 10. Bl. 119.
[7] KAB MOOC 13/1/7. Verw. 23. Die Likwidasie- en Distribusierekening van Maria Rossouw se boedel is afgehandel op 21 April 1769. Die werk daaraan is begin in 1767. Die sterfdatum van c. 1766, soos hieronder bespreek, lyk dus verantwoordbaar.
[8] Le Roux, J G. *Ons Drakensteinse Erfgrond: Daljosafat.* Paarl: Drakenstein Heemkring, Paarl. (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl. 8. Le Roux dui Maria Rossouw se sterfdatum aan as 1766.
[9] KAB MOOC 8/13. Verw. 26. Die inventaris is op 12 Januarie 1767 voltooi en dit dui daarop dat Maria Rossouw laat in 1766 of baie vroeg in 1767 oorlede is.
[10] SAG 10. Bl. 119.
[11] SAG 5. Bl. 425.
[12] KAB MOOC 8/13. Verw. 26.
[13] SAG 5. Bl. 425.
[14] SAG 10. Bl. 119.
[15] KAB MOOC 8/2. Verw. 39. Die inventaris vir haar boedel is opgestel op 10 Mei 1710.
[16] TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.* CD. Notule van 30.12.1691: Boek C21, Ble. 55 – 61.
[17] TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.* CD. Onder andere:Notule van 14.8.1706: Boek C25, Ble. 57 – 60, en Notule van 21.12.1711: Boek C 29, Bl. 70.
[18] TAB FK 2181.
[19] Böeseken, Anna en Cairns, Margaret. 1989. *The Secluded Valley: Tulbagh: 't Land van Waveren: 1700 – 1804*. Kaapstad en Johannesburg: Perskor. ISBN 0 62803 346 X. Bl.39.
[20] Le Roux, J G. *Ons Drakensteinse Erfgrond: Daljosafat.* Paarl: Drakenstein Heemkring, Paarl. Bl. 8.
[21] KAB MOOC 8/3. Verw. 94.
[22] Guelke, Leonard. 1987. *The Southwestern Cape Colony 1657 – 1750: Freehold Land Grants.* Department of Geography Publication Series, Occasional Paper Number 5, University of Waterloo.
[23] Le Roux, J. G. *Ons Drakensteinse Erfgrond: Daljosafat.* Paarl: Drakenstein Heemkring, Paarl. Bl. 8.
[24] KAB RLR 2. Verw. 38.
[25] KAB A2250.
[26] KAB MOOC 8/3. Verw. 94.
[27] KAB A2250.
[28] TAB FK 2194.
[29] KAB 1STB 191. Verw. 130 – 131.